Maandag **29 April**

**Skrifgedeelte: Titus 3:1-11**

**Fokusgedeelte: Titus 3:8, 10-11**

**In liefde vermaan waarop nie ag slaan, laat selfveroordeeld staan**

Titus 3 is tot vers 7 deurvleg met die liefde van God. Hierop volg in vers 10 om "niks met iemand te doen hê nie" wat op die verkeerde pad volhard. Is dit nie liefdeloos nie? Anders gevra: Is die kerklike tug, wat op afsnyding van die gemeente kan uitloop, dan nie liefdeloos nie?

Dit is van belang om verse 1-7 in berekening te neem wat in vers 8 hierin saamgevat word: "Dit is 'n betroubare woord." Hierin word die evangelie, deurvleg met die liefde van God in Christus en deur die Gees, opgesom. Die evangelie het ook op gelowiges se leefwyse betrekking as vrug van die lewensvernuwing deur die genade van God (3:1, 2, 8). Hierteenoor staan die bedreiging van dwaalleer. As iemand onder die invloed van dwaalleer kom en van die evangelie (opgesom in "'n betroubare woord") afdwaal, en daardeur partyskap of skeuring in die gemeente veroorsaak, dien die tug daartoe om af te sien van die kwaad en waardig die evangelie te handel en te wandel.

Allermins is die voorgeskrewe tughandeling volgens Gods Woord liefdeloos. Dit is reeds duidelik in "'n eerste en 'n tweede vermaning" as 'n poging in liefde om die sondaar tot bekering te bring (met die aanwysing van die Here Jesus in Matt. 18:15-17 in gedagte). Indien volhardende afdwaling en volharding in sonde oplaas afsnyding van die gemeente tot gevolg het, is dit ook nie liefdeloos nie. Trouens, as die kerk tugloos is, word liefdeloos gehandel. Die doel van kerklike tug, gedring deur die liefde tot eer van God, die heil van die gemeente en die behoud van die sondaar, is bekering. Wie hierteenoor in sonde volhard, haal willens en wetens die oordeel oor homself. Anders gestel: In liefde vermaan waarop nie ag slaan, laat selfveroordeeld staan.

*Sing: Psalm 19-1:6*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Emeritus)*